DISSIPELSKAP. SUPPLEMENT 4

[BYBEL]
'N BYBELSTUDIE METODE: DIE VYF STAPPE METODE

1. Metodes.

Neem kennis van die verskil tussen die metode vir Bybelstudie en die metode vir stiltetyd ('n persoonlike tyd met God)

2. Doel.

Die doel van Bybelstudie saam in 'n groep is om saam te groei in 'n verhouding met Christus en met mekaar. Die doel is om mekaar te help om kennis en begrip te verkry van die Bybel en om die waarhede te beoefen. Daarom is dit belangrik dat die groeplede mekaar sal aanmoedig om aan die Bybelstudiebespreking deel te neem. Elke groeplid se inset is belangrik. Niemand moet teleurgesteld wees as dit mag blyk dat, iets wat hy gesê het nie heeltemal (teologies) korrek is nie. Elke lid van die groep moet ervaar dat die ander groeplede luister as hy praat, hom ernstig opneem en hom aanvaar. Die groeplede kompeteer nie met mekaar oor wie die meeste Bybelkennis het nie, maar is lief vir mekaar en moedig mekaar aan om te groei en dinge met mekaar vertroulik te deel.

3. Groepleier.

Die groepleier moenie in die Bybelstudie 'n onderwyser word nie, maar eerder deelneem as 'n gewone lid van die groep. Hy moedig groeplede aan om in elkeen van die vyf stappe van die Bybelstudie deel te neem en doen dit self ook.

4. Voordele.

Die vyf stappe Bybelstudiemetode het die volgende voordele:

- Die vyf stappe studiemetode is 'n Bybelstudiemetode wat maklik (aan)geleer kan word en aan andere deurgegee kan word.
- De vyf stappe metode is 'n Bybelstudiemetode wat alleen of in 'n kleingroep gebruik kan word om die Bybel te bestudeer.
- Die vyf stappe metode is 'n Bybelstudiemetode wat elkeen in die kleingroep aanmoedig om aan elke stap van die Bybelstudie deel te neem.
- Die vyf stappe metode leer die groeplede om eers waarhede te ontdek wat hulle alreeds verstaan en belangrik vind voordat hulle probeer antwoorde op hul vrae te kry.
- Die vyf stappe metode leer die groeplede om vrae te stel wat relevant vir hulle eie lewe is.
- Die vyf stappe metode betrek soveel as moontlik groeplede om saam antwoorde vir die vrae te vind.
- Die vyf stappe metode leer die groeplede om die waarhede van die Bybel in verband te bring met hulle daaglikse lewe deur saam te dink oor die moontlike toepassings.
- Die vyf stappe metode leer die groeplede om maklik persoonlike toepassings te maak deur een van die moontlike toepassings te kies.
- Die vyf stappe metode leer groeplede om altyd in gebed te reageer op dit wat God hulle uit die Bybel geleer het.

STAP 1. LEES. GOD SE WOORD
Lees. KOM ONS LEES ----------saam.
Lees elkeen een vers op 'n slag totdat die hele gedeelte klaar gelees is.

STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS
Oorweeg. WATTER WAARHEID IN HIERDIE SKRIFGEDEELTE IS VIR JOU BELANGRIK?
of WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK JOU GEDAGTES OF JOU HART?
Teken aan. Ontdek een of twee waarhede wat jy verstaan. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes in jou notaboek.
Deel. (Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en te skryf, laat almal deel wat hulle ontdek het). Kom ons gee elkeen 'n kans om met die ander te deel.
(Die volgende is voorbeelde van ontdekkinge wat mense deel. Onthou dat elke kleingroep se lede dinge sal deel wat nie noodwendig dieselfde gaan wees as wat hier volg nie)

STAP 3. VRA. UITLEG
Oorweeg. WATTER VRAAG OOR ENIGE IETS IN HIERDIE GEDEELTE SOU JY VIR DIE GROEP WOU VRA?
Kom ons probeer al die waarhede in ----------verstaan en vra vrae oor die dinge wat ons nog nie verstaan nie.
Teken aan. Formuleer jou vraag so duidelik as moontlik. Skryf dan jou vraag in jou notaboek.
Deel. (Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en skryf, laat elke persoon eers sy vraag deel.)
Bespreek. (Kies dan 'n paar van hierdie vrae en probeer hulle beantwoord deur hulle saam in die groep te bespreek.)

(Die volgende is voorbeelde van vrae wat studente vra en notas oor die bespreking van die vrae.)

STAP 4. DOEN. TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE GEDEELTE IS VAN TOEPASSING OP CHRISTENE VANDAG?

Deel en teken aan. Kom ons hou ’n dinkskrum en skryf moontlike toepassings van ----------neer.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS IN JOU LEWE?

Teken aan. Skryf hierdie persoonlike toepassing in jou notaboek. Neem die vrymoedigheid om jou persoonlike toepassing met andere te deel.

(Onthou dat die persone in elke groep verskillende waarhede sal toepas of selfs ander toepassings sal maak van dieselfde waarheid. Die volgende is ‘n lys van moontlike toepassings.)

STAP 5. BID. REAKSIE

MAAK BEURTE OM TE BID OOR EEN WAARHEID WAT GOD ONS GELEER HET in ----------.

(Reageer in jou gebed op wat jy persoonlik in hierdie Bybelstudie geleer het. Oefen om net een of twee sinne te bid. Onthou dat mense in elke groep oor verskillende sake sal bid.)